Eerste uitgawe
2015

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
  074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit
  012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Otto Koekemoer
  Martin Kruger
  Johan Els
  Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die Redakteur.	1
Bonsai ontwerp	2
Climbers as bonsai	6
Vergadering 10 Januarie	7
Verandering	11
Bonsai Kalender	16
Terugvoering	17
BRAT 31 Januarie	18
Meeting 7 February	20
Snippets	33

Van die redakteur.

Beste bonsai vriende

Ons is in die tweede helfte van Februarie maand en teen hierdie tyd sal jy seker al 'n goeie idee hê of jy by jou nuwejaarsvoornemens bly, indien jy so iets het. Baie mense maak aan die begin van elke jaar 'n hele klomp mooi voornemens wat hulle opreg bedoel en vasbeslote is om deur te voer.

Baie van hierdie voornemens gaan oor lewenswyses. Gesonder leef, gesonder eet, oefen en fiks word, gewig verloor, ophou rook, meer geduldig wees, meer tyd spandeer saam familie, minder stres en so kan mens seker aanhou en aanhou.

Wat van ons bonsai? Dalk om beter rekord en foto's van jou bonsai se vordering te hou, dalk om (soos ek) minder 'plante' te hê en meer tyd aan 'bonsai' te gee, dalk om te ekspirimenteer met 'n nuwe groei mengsel, dalk om meer vergaderings by te woon (goeie een!) of dalk om hierdie jaar vir die eerste keer 'n boom op die skou te sit (net so goeie een!).

Wat jou voorneme ook al is, sterkte daarmee.

Bonsai groete

Jaco

'n Mens met selfbeheersing het meer waarde as iemand wat 'n stad inneem. - Die Spreukedigter.

Bonsai ontwerp deur middel van foto's.

Op Saterdag 29 November 2014 het die Eastern Bonsai Society (EBS) die laaste BRAT byeenkoms van 2014 aangebied. Met die tema "Ontwerp Bonsai". Die praatjies is afgeskop deur ons eie Francois van As wat sy baie interessante lesing, naamlik die ontwerp van bonsai deur middel van prente en sketse gelewer het. Die volgende is van Francois ontvang wat deel was van sy praatjie die dag.

Die boom wat hier gebruik is, is 'n Karoo-boerboon (Scotia afra). Dié spesifike materiaal bied heelwat moontlikhede. Twee moontlike voorkante is geïdentifiseer, waarna dit afgeneem is, die fotos uitgedruk is, natrekpapier bo-oor geplaas is en 'n verskeidenheid ontwerpe gegenereer is.

Voorkant 1

Ontwerp 1

Skuinsstyl



Ontwerp 2

Literati



Vervolg op bl 3

Bonsai ontwerp deur middel van foto's.

Ontwerp 3

Halfhangstyl



Ontwerp 4

Informeelregopstyl



Vervolg op bl 4

Bonsai ontwerp deur middel van foto's.

Voorkant 2

Ontwerp 1

Informeelregopstyl



Ontwerp 2

Informeelregopstyl (dubbelstam)

Vervolg op bl 5

Bonsai ontwerp deur middel van foto's.

Ontwerp 3

Literati (dubbelstam)



Climbers as bonsai —By Johan Els.

At the meeting of 10 May 2014 Johan Els gave a talk and demonstration on climbers suitable for bonsai. Due to space, all the information supplied by Johan on various climbers could not be published simultaneously. Herewith the fifth climber discussed by Johan, the Wine Grape .

The Wine Grape

Wine grape bonsai trees look and behave much like wine grape vines found growing in any vineyard. While wine grape bonsai trees do not produce a significant harvest of grapes, these statuesque plants make a suitable gift for wine aficionados who can appreciate the beauty of a grape vine sized for a coffee table or window sill.

Watering, Soil and Container Choice

Your grape bonsai tree should not be allowed to dry out. Water as often as needed to keep the soil moist and keep the container away from direct sunlight to avoid burning leaves or allowing soil to dry too quickly. Water should drain freely from the container, which should have adequate drainage holes. Repot the grape bonsai every two or three years. At that time, prune away one-third of the root ball using sterilized clippers and replant the vine in soil that drains well.

Climate Conditions

Grape vines naturally grow in temperate climates with long growing seasons and mild winters. In cool winter temperatures, grape bonsai plants will go dormant. This stage is natural and beneficial to your tree, and should be allowed to happen. In cold climates where winters reach freezing temperatures, place your bonsai tree somewhere like a garage or a basement, where temperatures will be cool but not freezing. In mild, Mediterranean climates keep your vine outdoors on a patio or in a sheltered area near your house. ♣

Vergadering van 10 Januarie 2015.

“Tip of the month”

Daar was ’n algemene bespreking oor of dit nodig is om ons groei medium te steriliseer? Die algemene gevoel onder lede was dat dit nie nodig is nie. Inteendeel lede se gevoel is dat alle organismes, goed en sleg, vernietig word wanneer jy steriliseer.

Vergadering van 10 Januarie 2015.

Die tema van die vergadering het behels die bespreking van die **Drolpeer (Dombeya rotundifolia)** vir gebruik as bonsai. **Org** het die tema hanteer en twee ongestileerde bome na die vergadering geneem wat gebruik is in sy demonstrasie.

Org het die volgende inligting oor die Drolpeer gegee:

Die gewone drolpeer, Dombeya rotundifolia, is ‘n boom wat noord van die Vaalrivier en in KwaZulu-Natal voorkom. Die blare is amper rond, redelik grof, harig, donkergroen aan die bokant en liggroen aan die onderkant.

Dit is gewoonlik een van die bome wat eerste blom in die lente, van Julie tot September. Dit begin vroeër blom in die warmer noordelike dele van die land. Die bloeisels is gewoonlik wit maar kan ook pink wees. Die blomme verwelk gou maar die kroon blare val nie af nie. Hulle bly aan die boom en word later vlerke aan die ryp vrugte. Dit help die vrug om deur die lug te beweeg, weg van die boom.

Vervolg op bl 9

Vergadering van 10 Januarie 2015.

Dit is ‘n bladwisselende, vinning groeiend boom. Dit kan ‘n hoogte van 10 meter bereik, maar is gewoonlik tussen 3 en 6 meter. Die bas is donker bruin, baie grof en kurkagtig op volgroeide bome. Dis ‘n enkel stam boom met ‘n ronde kroon. Dit is ryp en droogte bestand. Die hout is termiet bestand.

Die boom kan van saad en hardehout stingel steggies gekweek word. Die saad moet in die lente gesaai word in dieperige bakke. Die steggies moet 15-20cm lank wees en in die herfs of winter ingelê word. Oorplant tyd is van Augustus tot September.

Hulle beweer dat dit goeie material is vir Bonsai. Ek het nog nie baie van hulle as bonsai gesien nie, maar die tydjie wat ek aan hulle werk lyk dit goed. Die blare verklein mooi met tyd.

Die boom het baie tradisionele gebruike soos:

-Tou word van die bas gemaak

-Verskeie medisionale gebruike, onder andere, die manne wat probleme het kan die blomme gebruik. Ons moet miskien die boom na die Ooste stuur sodat hulle ons Renosters kan uitlos.

Gedurende Org se werk aan die bome het die volgende ook in die bespreking uitgekom:

- Die Drolpeer groei maklik as hy in die natuur uitgegrawe word.
- Die stamme is dikwels baie reguit en is gewoonlik ’n enkelstam boom. Daar is dus nie baie in die natuur wat geskik is vir bonsai nie.
- Lote ontwikkel dikwels op die wortels, selfs wortels vêr van die boom.
- Die bas is baie mooi op ouer bome, ook op bonsai.

Die eerste boom voordat Org aan hom gewerk het, en regs nadat Org hom na ’n basiese struktuur gestyl het.

Vervolg op bl 10

Vergadering van 10 Januarie 2015.

Die tweede boom voordat Org aan hom gewerk het, gedurende werk en links nadat Org hom na ’n basiese struktuur gestyl het.

Regs: Francois van Eeden het hierdie Drolpeer van hom by die vergadering gehad en sy moontlikhede is deur Org en lede uit die vergadering bespreek.

VERANDERING – deur Dr Pieter Loubser.



Voorlopig gaan ek oor ‘n jaar by Stellenbosch tydens ABC4 in 2015 ‘n kort praatjie oor bonsai gee. Dis ‘n waarskuwing by voorbaat! Ek het wel gedink om te praat oor my veranderde/ gemodifieerde siening aangaande bonsai sedert ek in 1982 (32 jaar gelede) daarin begin belangstel het. Ek skat ek het ‘n baie ryker dataversameling om mee te werk en kan nie meer so eenvoudig dink soos dertig jaar gelede nie. En ek wil nie “*soos ‘n aangeklede aap aankom nie*” of gesê word dat ek “*soos die aap ook ‘n stert gekry het nie*”. Maar wie weet?

Kan iemand onthou wat hierdie gesegdes beteken? Of het iemand hulle al gehoor? Dis ook so met bonsaikennis. Dis ‘n wêreld van kennis en toepassings. Een persoon weet nooit, egter nooit, al die antwoorde nie.

‘n Mens se kennis neem toe. Jy sien baie bonsai. Jy ontwikkel ‘n eie smaak. Jou vernuf neem toe. My domastrantheid en arrogansie het verdwyn, so dink ek. Ek besef my eie gebrekkige kennis en ondervinding al meer. Ek weet dat Vader Tyd ontsettend belangrik is, in die sin dat soos tyd verloop jou bonsai met nodige versorging sal verbeter, maar ook dat jou eie eindstreep skelmpies al nader kom! Jy hoef jou nie te bekommer oor die uitdrukking “*Gedagtes van my jeug is die spyker in my siel*” nie, want “*elkeen het maar sy plaatjie duwweltjiedorings*”. Jy leef en dink baie op jou eie manier. Ek het lank terug al besef dat jy maar kan preek soos jy wil, so asof jy dan beter weet, maar as ‘n persoon ‘n bepaalde denke het, gaan dit bars om hom of haar van opinie te laat verander. John Dewey sê nie verniet dat “*die pad van die minste weerstand en minste moeite ‘n denkgroef is wat reeds bestaan. Dit verg moeitevolle arbeid om die verandering van ou oortuigings te onderneem*”. Dit wys op jou eie vermoë om van denke te kan verander.

Vervolg op bl 12

VERANDERING — deur Dr Pieter Loubser.

Dit het my ‘n klompie jaar geneem om materiaal soos hierbo bloot potensai te noem, al het ek toe reeds pragstukke soortgelyk aan die foto hieronder gesien en van geweet. Ek dink ek was gelukkig dat ek kon droom en gehoop het om eendag ook sulke bonsai te kon hê ondanks waarmee ek begin het. Sommige persone gee moed op in die aanskoue van ware bonsai en dis jammer.

En u kan self oordeel of ek daarheen op pad is met die een hieronder.

Vervolg op bl 13

VERANDERING — deur Dr Pieter Loubser.

Ek het nooit die geleentheid gehad om John Naka se aanbiedings in Suid-Afrika by te woon nie en ek voel ‘n gemis. Ek was wel in die laat tagtigs tagtigs (1989?) geweldig beïndruk deur Vaughn Banting êrens in Johannesburg een aand (as ek reg onthou, want ek het nooit aantekeninge gemaak nie en my geheue is nie van die beste nie). Daardie tyd kon ek met vrymoedighid reis vanaf Klerksdorp na Johannesburg in die nag en sonder vrees, glo dit of nie. Vaughn was die perfekte “*Jintelman*”. Netjies, beleefd, nie oordrewe nie en het my geweldig beïndruk. Ek het sy hand na die aanbieding gaan skud en dankie gesê en het om een of ander sielkundige rede geëer gevoel om dit te kon doen. Is van sy “*vibes*” aan my oorgedra? Tony Robbins herinner hieraan met “*dis nie die gebeure in ons lewens wat ons vorm nie, maar ons siening oor wat daardie gebeure beteken*”.

Matisyahu gaan veel verder met : ”*Ek dink daar is ‘n neiging by mense om rigied en vasgevang te raak in hul veronderstellings van wat reg en verkeerd is en sig verloor oor menswees. Om mens te wees moet eerste wees voor reg of verkeerd*”. Bonsai? En George Grosz is nog meer eksplisiet met: ”*Ek het opgestaan so goed ek kon teenoor hul walgende domheid en brutaliteit, maar ek het natuurlik nie reggekry om hulle in hul eie spel te klop nie. Dit was ‘n geveg tot die bittereinde, een waartydens ek nie besig was om ideale en oortuigings te verdedig nie, maar net myself ”*.

Ek het nooit kon dink dat bonsai so groot kon wees nie. Raai ek reg dat dit Walther Pall is langs die boom? Maar terug aarde toe met Jimmy Carter, van alle mense, wat sê dat “ *ons nie ‘n smeltpot word nie, maar wel ‘n pragtige mosaïek. Verskillende mense, verskillende gelowe, verskillende smagtings, verskillende hope, verskillende drome*”.

Genoeg van selfbejammering. Dit lyk of ek dit doen, maar dis nie my doel met hierdie skrywe nie. Ek wys ook nie vinger nie, behalwe dalk na myself. Selfs in Suid Afrika het ons mense met ontsaglike kennis en kundigheid oor boomspecies en hul versorging. En in die besonder het ons ‘n eie aanslag, ‘n eie uitbeelding, ‘n eie manier van bonsai sien en vorm. En eie smake. En hopelik ontwikkel elkeen en groei in kennis en vermoë. ‘n Spreuk lui dat “ *die luister kennis word en die kennis huiwer op die randjie van begrip*”. Dis daardie tree na begrip wat belangrik is, want “*as jy nie die berg oorgaan nie, gaan jy nie die vlakte sien nie*”!

Vervolg op bl 14

VERANDERING — deur Dr Pieter Loubser.

Ek het al gewonder oor ons vrees om te snoei, want in my opinie is dit belangrik om dit te oorkom. *"Om braaf te wees, is nie die afwesigheid van vrees nie. Eerder 'n oordeel oor dat iets anders belangriker is as vrees*", is goeie raad. En jy moet dit betyds, eintlik vroegtydig doen want agterna is dit spyt wat moeilik is om te herstel. En jy verloor jare se werk om weer terug te gaan na en weer te begin by goeie snoei. Weer 'n spreuk: *" Starige gans verloor sy kans*"! Miskien was die klompie winters as skolier waartydens ek perske-bome in die buurt gesnoei het vir sakgeld my ten goede gewees. Ons was so'n bende snoeiers wat vakansi-etyd van huis tot huis geloop het en werk gesoek het en daar was groot erwe met baie bome om te snoei in daardie tyd. En ek glo ook heelparty mislukkings.

Ek het reeds geskrywe oor reëls en moet miskien net herhaal dat ek langs die pad geleer het hoe om die vliegtuig in die lug te hou, maar ook weet dat omstandighede vra dat ek buite die norme moet optree. Die veilige landing is wat saak maak. En landings is meer belangrik as enigiets anders. Bome volgens die klassieke reëls is so skaars soos hoendertande in my versameling. Neem nou maar net die groepie hieronder gewys. En my oorpronklike idee was om 'n saamgevlegde wortelbasis te wys. Dalk eendag vorentoe.

Snoei en snoei en snoei. Kyk op die volgende bladsy na die resultaat. 'n Celtis in my versameling.

Vervolg op bl 15

VERANDERING – deur Dr Pieter Loubser.

Die drie fotos hierbo wys die gevolge van erge snoei om mee te begin. Daarna net ‘n terugsnoei elke jaar, een of twee keer. Iets is op pad! Die onderste tak aan die linkerkant kom vanaf die agterkant van die boom, maar is so bedraad dat dit uiteindelik die spasie as die tweede tak gaan innneem. Vandaar die toegelate groei. Verneukspul nê! En dis nie ‘n “*opskeerkuif soos ‘n resieshoender*” nie. Dis eerder ‘n skilpad se moeisame tog. Jaar na jaar. Ek het vroeër verwys na Vader Tyd. Hierdie is minstens ses jaar se werk. Uiteindelik kan ek dalk dink dat ek “ *‘n aap mag wees, maar ek is ‘n ou aap*”!

Beste wense vir ‘n goeie 2015 van die ou aap.

Pieter Loubser

Bonsai Kalender — Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Maart en April?

Maart is die aanloop tot herfs wat beteken dat ons boompies hulle begin gereedmaak vir die winter wat voorlê. Watertoediening bly steeds belangrik en moet toegedien word na gelang van die tipe plant. Nuwe groei verhard nou tot en met die winter en dit kan aangehelp word deur die toediening van bemesting met meer potas en minder stikstof. Takke wat bedraad is moet dopgehou word aangesien hierdie proses met verdikking gepaardgaan.

April is middel-herfs en seker een van die mooiste maande van die jaar. Die bladwissellende bome is nou in hulle herfskleure getooi en maak gereed om blare af te gooi. Blare wat afval en bo-op die wortels lê moet verwyder word aangesien dit aanlyding kan gee tot swamsiektes wanneer dit begin verrot. Water-toediening geskied nou baie matig en bemesting word gestaak tot en met lente.

Francois van As

Terugvoering oor demonstrasie / werkswinkel bome.

Die vergadering van 4 Februarie 2012 het gehandel oor die “windswept” styl en Pieter du Plessis het die tema hanteer. Pieter het as deel van sy praatjie ’n ‘Procumbens Nana Juniper’ in ’n ’windswept’ gestyl. Die onderste twee fotos van die demonstrasie was geplaas in Koeda uitgawe vier 2012. Links was die boom voor en regs na Pieter die boom gestyl het. Onder is hoe die boom gelyk het by die skou van 18 Oktober 2014, dus twee jaar en agt maande na die eerste werk aan die boom.

BRAT vergadering van 31 Januarie 2015.

Verslag en foto's deur Esther van Aarde:

Op Saterdag 31 Januarie was dit weer die BRAT ope dag en dit was aangebied deur Midway Bonsai Society. Die lokaal wat gebruik was op die terrein van Cresset House, het nie net bonsai aangebied nie, maar ook stalletjies met allerhande snuisterye wat deur die inwoners van die huis, self gemaak of gekweek word.

Die tema vir die dag was "Bonsai Mi-way'. John Barnard van Midway Bonsai het oor 'air layering' gepraat. Hy het verduidelik hoe om die tegniek toe te pas, veral op bome met 'n te lang stam of 'reverse taper'. Daar is vier maniere om hierdie tegniek te doen naamlik om, nadat bas afgesny is, 'n pot om die stam vas te maak, die pot stewig op 'n stok wat deur die stam gesteek is te laat rus, en dan met mos te vul. Die tweede metode is veral geskik vir dun stamme: bedek die mos met swart plastiek, maak bo en onder dig toe en spuit water met 'n gewone inspuiting spuit in. Die derde metode behels die gebruik van swaar foelie, blinkkant na binne. Los bo oop sodat jy water kan inspuit. Die vierde metode is die toerniket-metode, waar 'n draad styf om die stam gespan word en wortelgroei daar sal ontstaan.

Org se demonstrasie met versamelde materiaal het baie belangstelling uitgelok. Hy het die gehoor betrek deur 'n plant op die tafel te plaas en dan verskillende menings vanuit die gehoor te kry oor wat om met die spesifieke boom te doen.

Vervolg op bl 19

BRAT vergadering van 31 Januarie 2015.

Hannes Fritz van Suikerbos Bonsai Kai het oor Afrika style gepraat. Hannes meen dit is nie nodig om ’n Afrika boom vir Afrika styl te gebruik, bv ’n Pierneef hoef nie net ’n Akasia te wees nie maar kan van enige ander soort boom gemaak word. Hannes maak baie gebruik van sketse wat help om sy bome te styl.

Om die middag af te sluit het Jonathan Cain van Midway Bonsai die gehoor behoorlik wakker gehad deur vier bome op die tafel te plaas, lede in groepe te verdeel en hul dan beurtelings aan die bome te laat werk. Dit was werklik baie interressant. Daarna het Jonathan die middag afgesluit deur die ontwerp van Saikei met behulp van polystyrene rotse te demonstreer.

Dit was weereens ’n baie aangename en insiggewende dag. ♣

Meeting of 7 February 2015.

Foto's deur Louis van Wyk.

Meeting of 7 February 2015

"Tip of the month" - deur Christa Vermaak

Verslag deur Esther van Aarde:

Soms lyk dit of jou boom verlep is en water nodig het, maar kyk goed of die boom nie miskien te nat is omdat die grond nie goed dreineer nie. As 'n boom in water staan vertoon sy blare ook verlep. Die oplossing is: verplant jou boom gereeld en maak seker dat die grondmengsel goed dreineer en die pot se gate nie verstop is nie.

Colin Gerrans gave a talk on the:

LETOSPERMUM SCOPARIUM OR MANUKA – TEA TREE/BUSH

The presentation given by Colin is presented on the following pages: (The presentation was edited to fit the format of the newsletter.)

Meeting of 7 February 2015

INFORMATION SOURCED FROM WIKIPEDIA

- Myrtle Family (Myrtacea)
- Endemic to Australia, New Zealand, Malaysia and South East Asia
- Genus of about 80 -86 species
- Small tree/shrub 1 – 12 Feet tall
- Small green leaves about 1cm long, narrow and sharp pointed
- Flowers have 5 white, pink or red petals and some varieties have a compound flower about 1cm in diameter
- The name tea tree/bush originated from early Australian settlers who soaked the leaves in boiling water to make a herbal tea rich in ascorbic acid. It is said Captain Cook brewed tea of the leaves to prevent scurvy among his crew

The nectar from the flowers is harvested by bees to make honey which apparently has strong anti-bacterial and anti-fungal properties.
The plants are hardy to frost and freezing to -8 to –10 degrees centigrade
The plants grow best in lime free growing medium with good drainage and full sun. ?????
Wikipedia advises they are drought tolerant and are the first to regenerate on cleared land.

MY EXPERIENCES

Tee Trees make beautiful bonsai with great displays of tiny flowers.

Sourcing material.

From nurseries. From seed. From cuttings. (per Dough Hall)

Grow in full sun. Flowers most of the year. Pollinated by bees.

Easy to wire and bend when young and wire can be removed within a few months.
Surface roots must not be disturbed. This complicates exposing the major roots to show a neabari.
Roots are many and fine and quickly fill the pots.
Requires frequent fertilizer.
Wormwee, moopoo juice, Cultura Multisol “K”, Sea-grow or some acid product like Phostro-gen.

Meeting of 7 February 2015

I remove flowers as soon as they drop petals to prevent seed formation which puts excessive drain on tree energy.
I grow the trees in shallow trays and keep the water at about 2- 3 centimetres deep. One day dry and you are guaranteed to lose the tree.
The water and root medium freezes solid ice in winter where I live and no harm to the trees.
For two weeks in July 2014 temperatures were -6 to -9.5 centigrade at night and trees were standing in ice until about midday.
There was some frost or freeze damage to young shoots.

Roots grow a very dense wiry type mass and will climb out of the pot if not re-potted from time to time

In re-potting I cut off the lower quarter and trim the sides but do not disturb the surface

roots and keep the roots WET while working on them. I am experimenting with slowly week

by week shaving off areas of moss and fine roots on the surface to try and expose the hope

-full Nebari and so far no tree casualties.

Moss grows profusely on the surface because of the frequent watering and the growing in water.
The thrushes love the moss. I fix plastic mesh over the surface to protect the moss from the thrushes and which I believe keeps the growing conditions ideal.
A black jelly like mould does get into the moss from time to time which needs treatment.
I have used Corn Flower sprinkled over the infected areas and it seems to help. I believe any fungicide would also work.

Thrushes and weavers also bonsai the trees by snapping off young shoots at the top and also steal young seedlings.
I lost two out of three seedlings recently.
Taper is easily obtained by cutting off the leader and choosing a new leader. Seal all cuts and it will heal over very quickly
Not troubled by insects or anything else I know of except sooty mildew which will kill the tree if not treated as soon as it is observed.

Meeting of 7 February 2015

A delightful species to work with and can easily be trained into any style.
I have given trees to many people and nearly all the trees have died within a short time.
Water water water I believe is the solution.
I have lost the odd tree from time to time and do not know why , so not an easy tree to work with and keep alive as many people would have experienced

WATER, WATER and WATER.

There are a few very interesting articles by Doug Hall published in "Treeview" in late 1989 and early 1990's attached for information on his experiences. (Will be published in the future)

Tea Trees Australia—Wild trees.

Tea Trees Australia—Dense growth of trees on Great Ocean road close to the see.

Meeting of 7 February 2015

Tea Trees Australia—Dense growth about 3m high in coastal gravel.

Tea Tree—Garden tree near Nigel ± 3m high.

Tea Tree—Compound pink flowers.

Tea Tree—Simple 5 Petal (Pink/white) flowers.

Meeting of 7 February 2015

Tea Tree—Bee pollinating flowers.

Tea Tree—Compound pale pink flowers and seed.

Tea Tree—Compound red flowers.

Tea Tree—Compound red flowers and seed.

Tea Tree—Simple 5 petal pink/ white flowers.

Tea Tree—Dense growth of flowers and seeds.

Meeting of 7 February 2015

Tea Tree bonsai —Dense clusters of seeds.

Tea Bush seedlings grown from seed.

My collection friend.
Tea Bush no 1.

Tea Bush no 2.

Above: Before reducing branches August 2013.

Above: After reducing branches August 2013.

Meeting of 7 February 2015

Tea Bush no 3.

Above: In development August 2013.

Above: In development January 2015.

Tea Bush no 4.

Above: In development August 2013.

Above: Repotted January 2015

Meeting of 7 February 2015

Development Tea Bush no 5.

Above: In development August 2013.

Above: Repotted January 2015.

Tea Bush no 6.

Above: August 2013.

Above: January 2015

Meeting of 7 February 2015

Tea Bush no 7.

Above: August 2013.

Above: Repotted January 2015.

Development Tea Bush no 8.

Above: August 2013.

Above: January 2015

Meeting of 7 February 2015

Tea Bush no 9.

Above: August 2013.

Above: January 2015.

Tea Bush no 10.

Above: August 2013.

Tea Bush no 11.

Above: Raffle tree August 2013

Tea Bush no 12.

Above: August 2013

Meeting of 7 February 2015

You were warned not to let Duvan take any raffle tickets, but nobody listened, and what happened? Duvan won the raffle tree donated by Colin. Anyway, congratulations Duvan, on winning AGAIN…….

Snippets

Our Environment.

Most of us has experienced electricity cuts (load shedding) in the last couple of months. And some have stocked up on candles as an emergency light source. Some of us also enjoy using candles now and then to create an atmosphere in the home. If you do use candles:

• **Avoid using paraffin wax candles, which are petroleum based.**

• **Instead select candles made from beeswax, soy or vegetable wax which are renewable and biodegradable materials and not toxic.**

Inspirasie uit die natuur.

Johan Joubert het hierdie pragtige boom in die Kaappunt natuurreservaat afgeneem.

Dit is ’n pragtige voorbeeld van ’n natuurlike styl wat ons in bonsai kan naboots.

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.